

Datum
24 Januarie
2016

Teks: Lukas 17:11-19
Belydenis: H.K. Sondag 32
Tema: Dankbaarheid draai ons na God

Liedere:
Psalm 107:1, 10
Psalm 1:1
Psalm 119:37
Psalm 116:1, 7
Psalm 100:1-4

- * Die meeste van ons, wanneer ons gevra word
waaroor Christenskap gaan sal bes moontlik
antwoord:
> *Wel dit gaan daaroor dat Christus my van my sondes
verlos.*

- * En terwyl die antwoord korrek is, is dit nie volledig
nie...
- *en vir die van julle wat soos ek al met wiskunde
gewerk het, weet dat 'n onvolledige antwoord op die
einde van die dag verkeerd gemerk word...*
- > *dink maar net aan die gevolge as 'n bou ingenieur se
wiskunde net 2/3 korrek is, daardie 1/3 fout gaan
maak dat die struktuur inmekaar tuimel...*

> Maar die kategismus som dit wat nodig is vir ons om salig te leef en te sterf in die tweede vraag en antwoord op, en daar sê dit dat daat **drie**, nie twee dinge nodig is, naamlik:

1. >> - *ek moet weet hoe groot my sonde en ellende is*
2. >> - *ek moet weet hoe ek van my sonde en ellende verlos word*
3. >>> - en derdens, ***ek moet weet hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees.***

Sien, ware Christenskap gaan nie net oor wat God, om Christus ontwil, aan ons sondestaat doen nie, dit gaan ook oor ons reaksie daarop.

> Nou sonder om in te veel detail in te gaan sien ons ook in praktyk dat mense wat nie die volle antwoord het nie, dikwels nie die die geloof met hul lewens bevestig nie.

hul *verkeerde leer*
loop op 'n
verkeerde lewe uit.

* Ons sien dat hulle getuig van die verlossing en hoe *wonderlik* dit is dat al hul sondes vergewe word,

> maar aan die **praktyk** van hul lewens het daar niks

vrou op owerspel
betrap is, by Jesus
hoor: *Ek vergewe
jou, gaan maar en
hou aan met jou
sonde...*

verander nie,

- * Hulle hou aan om dit te doen wat hulle vroeër
gedoen het
- * en daar is niks wat sy lewe as gelowige onderskei van
sy beskaafde, dog ongelowige buurman nie.

(Beskou vergifnis as vrypas vir sonde)

** in teendeel die
feit dat jy die
boodskap van
verlossing het en
aanhou met sonde
gaan baie swaar op
jou gewete begin
weeg, so swaar dat
jy 'n depressie en
selfverwyt kan
ontwikkel, en selfs
maak dat jy later
die godsdiens
heeltemal verwerp

> Maar soos die Apostel Jakobus dit is sy brief aan ons
duidelik maak – *geloof wat nie tot daade oorgaan nie
is sonder meer dood (2:16).*

* So 'n geloof is waardelose lippetaal.

> Die boodskap van verlossing kan jou dalk vir 'n tyd
lank beter oor jouself laat voel,

> maar as dit nie tot praktyk in jou lewe oorgaan nie,

> dan bly jy vasgevang in jou sonde en ellende en is jy

> net so doemwaardig voor God as iemand wat die

boodskap van verlossing verwerp. **

In die geskiedenis wat ons vandag behandel sien ons
hoe die leer oor die dankbaarheid in die praktyk van
tien melaatses se reaksie op hul verlossing uitgespeel
word – en dit bring ons tot besinning oor ons

dankbaarheidslewe...

- >>> > Ons sien in Lukas 17 vir Jesus in die geselskap van sy dissipels op die grensgebied tussen Samaria en Galilea.
- ^^hulle moes, om higiëniese redes, buite stede bly en op 'n afstand uitroep dat hulle onrein is, sodat mense nie deur hul siekte aangesteek kon word nie, hulle het as't ware hul lewe in kwarantyn deurgebring
- * Die tien melaatses was van gemengde nasionaliteit, maar in hul gemeenskaplike ellende het die verskil in nasionaliteit nie meer saak gemaak nie.
- * Hul siektetoestand het hul verenig.
- > Daarom roep hulle uit: *“Jesus, Here, ontferm U oor ons!”*
- >>> > Hulle ellende, uiterlik geoordeel, was die feit dat hulle melaats was, hulle het 'n verskriklike en aansteeklike velsiekte gehad wat hulle van hul medemens afgesny het.^^
- & ons het Jesus se ontferming nodig om met God versoen te word
- > Hierdie siekte en afsnyding is eintlik tekenend van ons elkeen se sondige aard is, waar ons vanweë ons sonde van God afgesny is
- > *En ons behoort eintlik, onder ware die beswustheid van ons sondesmet, soos die melaatses uit te roep –*
- > *Moenie naby aan my kom nie, want ek is onrein, ek is*

deurtrek van die sonde!

- > *En die sonde wat in my leef, my onreinheid, gaan skade in jou lewe veroorsaak:*
- > *Ek gaan nyd en afguns en jalosie en manipulasie openbaar en dit gaan jou baie seer meer,*
- > *want ek is deur en deur siek van die sonde.*

* En vanuit hierdie bewustheid behoort ons soos die tien melaatse na God, na Jesus Christus te draai en Hom om ontferming te smek.

> Jesus het Hom oor oor hulle ontferm en hulle genesing geskenk –

* dit wat hulle by die priesters volgens die seremoniële wet, moes gaan bevestig het.

* Maar ons moet beseef dat hierdie tien nog net 'n tydelike verlossing ervaar het, 'n verlossing van hul melaatsheid.

hul die innerlike
breuk met God was
nog ongenees

> Hulle het nie beseef dat hulle ook nog innerlik genees moet word nie – om hart en siel met God verenig te word.

maar hulle het by
die tydelike
vasgehaak

Só het hierdie tydelike verlossing wat hulle ervaar het
vooruit gewys na die ewige verlossing van die sonde
wat Christus aan die kruis bewerk het vir almal wat
glo.

* Nou,

> ons sou verwag, saam met Jesus, dat al tien die mans
toe hulle op pad na die priesters toe was

- besef het dat hulle genees is,

* met só 'n besef van dankbaarheid vervul sou wees

* dat hulle minstens aan Jesus dank sou bring.

> Maar dit net een wat dit gedoen het.

* En dit 'n Samaritaan – 'n vyand van die Joodse volk.

> En wanneer Jesus aan hom sê,

“Jou geloof het jou gered,”

Is dit duidelik dat sy dankbaarheid 'n openbaring van
sy geloof in Christus as sy Verlosser is,

'n Verlosser nie net vanuit aardse moeilikhede nie,

maar ook van sy sonde.

dat hy volledig met
God versoen is

* selfs ongelowiges
sal in nood 'n "Ag
Here help my!"
of 'n "O my God!"
uitroep

- > So sien ons in die voorbeeld van die melaatses dat:
 - Ons aardse moeilikhede ons dikwels in gebed na die Here bring om Hom om uitkoms en verlossing te smEEK.*
 - Ons sien ook hoe ons ons aardse moeilikhede as p tekenend van die gevalle stand van die wêreld moet raaksien – dat 'n aardse uitkoms of genesing, *sonder die ewige verlossing*, niks anders as 'n uitstel van die ewige oordeel is nie.

- >> > Ons behoort daarom op 'n dieper manier na ons aardse moeilikhede kyk,
 - > en wanneer ons smagtend bid om die uitkoms wat net God kan bewerk,
- >>> > moet ons ook smagtend, *dieper*, bid om die vergifnis van die sonde en 'n ware herstel met God,

'n Rus wat vir al die
gelowiges beskore
is

- * dat ons vanuit sy goedheid sal leef en in Hom rus sal vind.

op die uitkoms wat
God in ons lewens
bewerk

-
- > Maar wat is ons reaksie hierop?
 - Is jy dankbaar vir die kos op jou tafel en die dak oor jou kop?

- Is jy dankbaar vir jou gesin, en jul gesondheid, en dat julle deur die nag bewaar is?
- Is jy dankbaar vir jou geleenthede, en die gawes wat God jou gee om jou weg deur die lewe te baan?
- Is jy dankbaar dat Christus jou verlos en dat God die Heilige Gees jou innerlik versterk en na Christus se beeld vernuwe?

> Ek dink die meeste van ons *áánvóór máár* hierdie feite as die doodgewone verloop van die lewe.

* Ons aanvaar dit,

> en gaan met ons lewens aan sonder om na God, met dankbaarheid in ons harte, te draai en Hom in dankbaarheid te omhels.

> En omdat ons ondankbaar is,

* vind ons ook nie blydschap in die dinge wat ons uit God se hand ontvang nie,

* of dit ons werk is, ons gesondheid, of selfs die verlossing.

* Omdat ons ondankbaar is loop ons met strak gesigte rond, en bekla eerder ons lot as wat ons ons in die

goeie verheug.

> Ons **dankbaarheid** is dit wat ons as gelowiges anders as die wêreld maak.

* Dit is deur dankbaarheid wat ons God se liefde in ons lewens raaksien en omhels,

* Dit is deur dankbaarheid dat ons lief vir God en lief vir ons naaste kan wees.

> **Ondankbaarheid** maak dat ons God verwyt, ons omstandighede vloek en ons naaste verstoot.

> Maar hoe lyk dankbaarheid in die praktyk van die gelowige se lewe?

* Die kategismus antwoord en sê dat ons dankbaarheid

- realiseer wanneer ons met ons *hele lewe bewys* dat ons dankbaar is vir al God se weldade

- **en** Hy deur ons geprys word.

>>>> > *Ons hele lewe* moet daarom rondom ons dankbaarheid teenoor God ingerig te wees.

- > Dit beteken *eerstens* om uit dankbaarheid vir dit wat God vir my gedoen het,
- > my uiterlike lewenspraktyk volgens sy wil in te rig – *dit is om 'n liefde vir en gehoorsaamheid aan die wet*
- > *van God te openbaar* – 'n wet wat ons dankbare verhouding met God met ons naaste inrig.

- > En dit beteken *tweedens* om my geestelike, innerlike lewe in te rig om God te prys – in sowel ons gebede
- > as in ons liedere. Om Hom te dank vir sy genade..

- * Trouens ons hele lewe, al ons gedagtes woorde en daade behoort die refrein van Psalm 136 te bevat – *“aan sy liefde is daar geen einde nie”*

- >>> > Op hierdie manier word al my gedagtes, my woorde en my daade,
 - * my innerlike lewe en my uiterlike lewe
 - * 'n bevestiging dat God werklik my verlos het,
 - * dat Hy my werklik sy kind gemaak het,
 - * en dat Hy werklik by my is.

om keer op keer
in dankbaarheid na
God te draai,
en om keer op keer
uit dankbaarheid
God se wil te doen.

* En ek is seker ons almal het 'n sterk verlange om 'n
altyd groter bewustheid van God se liefde en
nabyheid te hê.

* 'n aktiewe dankbaarheidslewe is dit wat ons daardie
sekerheid gee.

>>>> > Maar wat, kan ons vra, het van die nege ander
melaatses geword – *dié wat nie omgedraai het om
God die eer te gee nie?*

* Wel die feit dat hulle nie na Christus omgedraai het
nie, beteken dat hulle die rug op Christus gedraai het.

* Hulle het 'n fisiese verligting van hul aardse ellende
> ervaar, maar hul ewige ellende, hul skeiding met God
was nog net so erg as toe hul melaats was,
> want hulle was ondankbaar vir die een wat aan hulle
genade bewys het.

>> > So het hulle bewys dat hulle inderwaarheid
goddeloos was:

- >> > Hulle het aanhou leef met met min of geen gedagte aan God.
- > Hulle het wel nog vir godsdienstige seremonies gegaan – *soos ons sien dat hulle na die priesters toe*
- * *is*, maar hulle het geen duit omgee om God werklik te eer of om aan Hom dank te bewys nie.
- * Hulle was uiterlik rein, maar hul harte het God nie geëer nie.
- * *En gaan dit nie ook dikwels so in ons lewens nie?*
- > Dat ons net onself uiterlik rein voor die mense wil wys,
- dat ons streef om uiterlik hoflik en beskaafd te wees,
- > maar dat ons gedagtes en woorde en dade niks van ons dankbare liefde, vir wat God in ons lewens, doen getuig nie?

hul innerlike
melaatsheid het
nog aan hulle
gekleef.

Daarom sluit ek af met Paulus se gebed vir die Kolossense – *gelowiges wat soos ek en jy reeds gered is*, maar wat nog baie in ons dankbaarheidslewe moet groei –
Hy bid daar:

Ons hou nie op om vir julle te bid nie.

Ons vra God dat Hy

deur al die wysheid en insig wat die Gees gee,

julle sy wil duidelik sal laat ken,

sodat julle tot eer van die Here sal lewe

deur net te doen wat Hy verlang.

Mag julle vrugte dra deur goeie werke en toeneem in

die kennis van God.

- > Sodat ons soos daardie een Samaritaan, in antwoord op die genade wat ons nie verdien het nie, God harop sal prys,
- > voor die voete van Jesus sal neerval,
- > en Hom dank.

Amen